# RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2016

PSG GROEP BEPERK

**HERHALENDE WESENSVERDIENSTE ⬆ 33%** tot **788 sent** per aandeel

**DIVIDEND VIR DIE JAAR ⬆ 50%** tot **300 sent** per aandeel

**SOM-VAN-DIE-DELE-WAARDE** van **R208** per aandeel op 13 April 2016

**R2,9mjd KONTANT BESKIKBAAR VIR VERDERE BELEGGINGS**

## OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in industrieë soos bankwese, onderwys, finansiële dienste, voedsel en verwante sake, en privaat ekwiteit. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R46mjd, en sy grootste belegging is 'n belang van 30,7% in Capitec. Al PSG se sleutelbeleggings het gedurende die jaar onder oorsig sterk presteer.

## RESULTATE

Die twee sleutelmaatstawwe waaraan prestasie na PSG se oordeel gemeet moet word is die *som-van-die-dele ("SVDD")-waarde* en *herhalende wesensverdienste* per aandeel.

## SVDD

Die berekening van die *SVDD-waarde* is eenvoudig en vereis beperkte subjektiwiteit, aangesien 83% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 29 Februarie 2016 was die *SVDD-waarde* per PSG-aandeel R186,67 (2015: R163,28). Op 13 April 2016 was die *SVDD-waarde* R208,21 per aandeel.

| Bate/Las | 28 Feb 2014 Rm | 28 Feb 2015 Rm | **29 Feb 2016 Rm** | **13 Apr 2016 Rm** | *% van totaal* |
|---|---|---|---|---|---|
| Capitec* | 5 989 | 14 549 | **16 820** | **21 650** | *46%* |
| Curro* | 4 660 | 6 236 | **9 773** | **8 731** | *18%* |
| PSG Konsult* | 4 004 | 5 710 | **5 441** | **5 536** | *12%* |
| Zeder* | 1 698 | 3 712 | **2 815** | **3 394** | *7%* |
| PSG Private Equity† | 949 | 1 246 | **1 367** | **1 393** | *3%* |
| Dipeo *(voorheen Thembeka)*† | 1 243 | 603 | **557** | **597** | *1%* |
| PSG Corporate *(PSG Capital ingesluit)*†† | 383 | 1 398 | **1 510** | **1 672** | *4%* |
| Ander bates *(kontant en voorkeuraandeel-beleggings ingesluit)*^ | 1 122 | 2 031 | **4 358** | **4 347** | *9%* |
| **Totale bates** | 20 048 | 35 485 | **42 641** | **47 320** | *100%* |
| Ewigdurende voorkeuraandeelbefondsing* | (1 393) | (1 411) | **(1 309)** | **(1 317)** | |
| Ander skuld^ | (615) | (679) | **(949)** | **(959)** | |
| **Totale SVDD-waarde** | 18 040 | 33 395 | **40 383** | **45 044** | |
| **Aantal uitgereikte aandele *(netto van tesourie-aandele)* (m)** | 189,9 | 204,5 | **216,3** | **216,3** | |
| **SVDD-waarde per aandeel (R)** | 95,01 | 163,28 | **186,67** | **208,21** | |

** Genoteer op die JSE Bpk    † SVDD-waarde    †† Waardasie    ^ Boekwaarde*

*Nota: PSG se lewendige SVDD is op www.psggroup.co.za beskikbaar.*

## HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

| | 28 Feb 2014 Rm | 28 Feb 2015 Rm | *Verandering %* | **29 Feb 2016 Rm** |
|---|---|---|---|---|
| Capitec | 571 | 729 | | **989** |
| Curro | 21 | 31 | | **58** |
| PSG Konsult | 163 | 214 | | **254** |
| Zeder | 127 | 152 | | **212** |
| PSG Private Equity | 51 | 59 | | **113** |
| Dipeo *(voorheen Thembeka)* | 23 | 45 | | **(28)** |
| PSG Corporate *(PSG Capital ingesluit)* | 7 | 38 | | **69** |
| Ander | 39 | 51 | | **101** |
| **Herhalende wesensverdienste voor befondsing** | 1 002 | 1 319 | *34* | **1 768** |
| Befondsing | (181) | (177) | | **(148)** |
| **Herhalende wesensverdienste** | 821 | 1 142 | *42* | **1 620** |
| Nie-herhalende items | 191 | 432 | | **(250)** |
| **Wesensverdienste** | 1 012 | 1 574 | *(13)* | **1 370** |
| Nie-wesensitems | 47 | (14) | | **113** |
| **Toeskryfbare verdienste** | 1 059 | 1 560 | *(5)* | **1 483** |
| **Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele *(netto van tesourie-aandele)* (m)** | 183,0 | 192,3 | *7* | **205,7** |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | | | | |
| – Herhalende wesens- | 448,8 | 593,6 | *33* | **787,8** |
| – Wesens- | 553,2 | 818,6 | *(19)* | **666,2** |
| – Toeskryfbare | 578,5 | 811,3 | *(11)* | **721,1** |
| **Dividend per aandeel (sent)** | 133,0 | 200,0 | *50* | **300,0** |

## VOORUITSIGTE

Ons glo dat PSG se beleggingsportefeulje steeds bogemiddelde opbrengste in die toekoms sal lewer. PSG het tans R2,9mjd kontant beskikbaar by hoofkantoor vir verdere beleggings.

## DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 200 sent (2015: 145 sent) per aandeel uit inkomstereserwes te verklaar, wat die totale dividend op 300 sent (2015: 200 sent) te staan bring vir die jaar geëindig 29 Februarie 2016.

Die finale dividendbedrag na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 15%, is 170 sent per aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 230 778 549, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums van hierdie dividenduitkering is:

| | |
|---|---|
| Laaste dag vir verhandeling met dividend | Vrydag, 6 Mei 2016 |
| Verhandeling sonder dividend begin | Maandag, 9 Mei 2016 |
| Rekorddatum | Vrydag, 13 Mei 2016 |
| Betaaldatum | Maandag, 16 Mei 2016 |

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 9 Mei 2016 en Vrydag, 13 Mei 2016, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

## NAGESIENE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie vrywillige aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting van die volledige aankondiging wat op Maandag, 18 April 2016, op die Sekuriteitebeursnuusdiens ("SENS") vrygestel is, en is die direkteure se verantwoordelikheid. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by *www.psggroup.co.za* of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en persoonlik verkry word by die maatskappy en sy borg se geregistreerde kantoor. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouers moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

| | | |
|---|---|---|
| **Jannie Mouton** | **Piet Mouton** | **Wynand Greeff** |
| *Voorsitter* | *Hoof uitvoerende beampte* | *Finansiële direkteur* |

Stellenbosch
18 April 2016

**PSG GROEP BPK:** Registrasienommer: 1970/008484/06
JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

**DIREKTEURE:** JF Mouton (Voorsitter)+, PE Burton^, ZL Combi^, J de V du Toit^, MM du Toit^, FJ Gouws+, WL Greeff (FD)*, JA Holtzhausen*, MJ Jooste^ (Alt: AB la Grange), JJ Mouton+, PJ Mouton (HUB)*, CA Otto^, W Theron+ **Uitvoerend* *+Nie-uitvoerend* *^Onafhanklik nie-uitvoerend*

**GEREGISTREERDE KANTOOR:** 1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

**OORDRAGSEKRETARIS:** Computershare Investor Services (Edms) Bpk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**BORG:** PSG Capital

**OUDITEUR:** PricewaterhouseCoopers Geïnk.

GREYMATTER & FINCH # 9912